Afrikaans

Travellers Leaflet

Follow us on

SARS
At Your Service

Wat moet jy verklaar?

Enige persoon wat in of uit die Republiek van Suid-Afrika reis, moet sonder voorbehoud die volgende goedere in hulle besit verklaar:

- Met aankoms, alle goedere (insluitend goedere van 'n ander persoon) wat by die persoon is of in die persoon se besit is, wat oorsee of aanboord 'n skip, voertuig of in enige winkel wat goedere verkoop waarvan heffings nie betaal is nie, oorsee aangekoop of verkry, verander, geprosesseer of herstel is.
- Goedere wat verbode, beperk of beheer word ingevolge enige wet
- Goedere wat vereis is om verklaar te word voordat dit die Republiek verlaat.

Alle goedere wat 'n reisiger saamneem oor die grense van die Republiek, insluitend goedere wat:

- Namens 'n ander persoon geneem word
- Voorgenome is vir verandering, prosessering of herstel oorsee
- Verbode, beperk of beheer word ingevolge enige wet
- Goedere wat 'n persoon, wat Suid-Afrika tydelik binnegekom het, vereis was om te verklaar met binnekoms in die Republiek.

Reisigers moet, op versoek van 'n doeane-beampte, volledige besonderhede aan die beampte verskaf met betrekking tot die goedere, soos fakture, vervoerdokumente, bewys van betaling aan verskaffer, magtigingsbrief en enige toepaslike permitte tot sodanige goedere. 'n Reisiger moet ook alle vrae wat aan hom/haar gestel word, volledig en eerlik beantwoord aan sodanige beampte, en indien vereis, sodanige goedere toon en oopmaak vir inspeksie deur die genoemde beampte, en die heffings en belastings betaal wat deur die beampte aangeslaan word, indien enige.

Wat is jou belastingvrye vergunnings?

Die belastingvrye vergunning is slegs van toepassing op goedere vir persoonlike gebruik of vir wegmaak as geskenke in vergeselde reisigers se bagasie soos verklaar deur terugkerende inwoners en nie-inwoners wat die Republiek besoek.

Die volgende ingevoerde goedere, wat deur reisigers verklaar word in hul vergeselde bagasie, kan vrygestel wees van die betaal van enige invoerheffings en belasting op toegevoegde waarde (BTW):

- Nuwe of gebruikte goedere met 'n totale waarde van nie meer as R5 000 per persoon nie
- Nie meer as 2 liter wyn per persoon nie
- In totaal, nie meer as 1 liter spiritualieë en ander alkoholiese drank per persoon nie
- Nie meer as 200 sigarette en nie meer as 20 sigare per persoon nie
- Nie meer as 250 g sigaret- of pyptabak per persoon nie
- Nie meer as 50 ml parfumerie en nie meer as 250 ml eau de toilette per persoon nie.

Wyn, spiritualieë en ander alkoholiese drank, tabakprodukte en parfumerie wat in meer as die aangeduide hoeveelhede ingevoer word, moet ingeklaar word teen die heffingskoerse soos uiteengesit in bylaag nr. 1 ("tarief") van die Wet op Doeane en Aksyns, nr. 91 van 1964. Die voorvermelde goedere word in die algemeen na verwys as verbruiksartikels of luukshede, en die heffingskoers kan aansienlik hoog wees indien reisigers die bogenoemde hoeveelhede oorskry, moet inklaar en die invoerregte betaal teen die heffingskoerse bepaal in die tarief.

Selfs al word goedere by 'n inwaartse belastingvrye winkel aangekoop, sal die belastingvrye toelaag steeds van toepassing wees met aankoms.

Let wel: Die belastingvrye vergunning van R5 000 per persoon, wat van toepassing is op nuwe of gebruikte goedere, is van toepassing bykomend tot die belastingvrye vergunning wat van toepassing is op verbruikbare goedere.

Wat is jou vastekoers aanslagvergunning?

- Indien jou goedere die R5 000 belastingvrye vergunning oorskry, maar nie R20 000 oorskry nie, kan jy kies om doeaneregte teen 'n koers van volle heffing minus 20% (vastekoers) te betaal, met BTW vrygestel, in plaas daarvan om die goedere in te klaar teen die heffingskoerse uiteengesit in bylaag nr. 1 ("tarief") van

die Wet op Doeane en Aksyns, nr. 91 van 1964

- Goedere wat die R20 000 vastekoers aanslagdrumpel oorskry, betaal invoerregte en BTW ooreenstemmig die geharmoniseerde stelselbeskrywing en status van oorsprong van die goedere.

Voorwaardes vir belastingvrye vergunnings:

- Die belastingvrye vergunnings ten opsigte van nuwe of gebruikte goedere is slegs toelaatbaar een keer per persoon in 'n 30-daetydperk, na 'n afwesigheid van nie minder as 48 uur uit Suid-Afrika nie
- Die vastekoers aanslagvergunning word slegs toegelaat gedurende 'n tydperk van 30 dae en is nie van toepassing op goedere ingevoer deur persone wat terugkeer na 'n afwesigheid van minder as 48 uur nie.
- Die belastingvrye vergunnings ten opsigte van wyn, spiritualieë en ander alkoholiese drank, tabakprodukte en parfumerie, word slegs een keer per persoon toegelaat gedurende 'n tydperk van 30 dae, na 'n afwesigheid van nie minder as 48 uur uit Suid-Afrika nie
- Die goedere moet as vergeselde bagasie gedra word.
- Vergunnings op tabak of alkoholiese verversings is nie van toepassing op persone onder die ouderdom van 18 jaar nie.

Wat van handgemaakte artikels?

- Reisigers mag handgemaakte artikels van leer, hout, plastiek, klip of glas van tot 25 kg vir kommersiële doeleindes invoer sonder om heffings of belastings te betaal.

Wat van goedere wat tydelik inkom?

Dit mag van jou vereis word om 'n kontantdeposito as waarborg te betaal om potensiële invoerregte of BTW op bepaalde tydelik-ingevoerde artikels te dek. Jy sal dit terug ontvang na bevestiging dat die goedere die land verlaat het.

Om die doeane eksterne beleid vir reisigerprosessering (SC-PA-01-11) te besigtig, besoek die SARS Doeane-blad op die SARS-webtuiste www.sars.gov.za.

Verbode en beperkte goedere

- SARS administreer bepaalde verbodsbepalings en beperkings namens 'n aantal regeringsdepartemente, instansies en liggame.
- Verbode beteken die goedere word nie toegelaat om Suid-Afrika binne te kom of te verlaat nie
- Beperk beteken dat goedere toegelaat word om Suid-Afrika binne te kom of te verlaat onder bepaalde voorwaardes, bv. 'n permit of sertifikaat word vereis.

Om 'n lys van "verbode en beperkte goedere (SC-CC-32)" te besigtig, besoek die doeane-blad op die SARS-webtuiste www.sars.gov.za.

Let wel: Handelaars en reisigers moet bewus wees van die Wet op Nagemaakte Goedere, nr. 37 van 1997, wat bepaal dat goedere van laer gehalte gemaak of verkoop onder 'n ander handelsmerk, sonder die handelsmerkeienaar se toestemming, is 'n oortreding waarop siviele en/of kriminele stappe geneem kan word teenoor die oortreder.

Kontantbeperkings

- 'n Reisiger word toegelaat om 'n maksimum van R25 000 / onbeperkte buitelandse geldeenheid te verklaar, welke hy/sy die land verlaat of binnekom
- 'n Reisiger moet verklaar of hy/sy enige banknote, goud, effekte of buitelandse geldeenheid by hom/haar het, en enige banknote, goud, effekte of buitelandse geldeenheid wat hy/sy by hom/haar het toon
- Die Suid-Afrikaanse banknote is onbeperk indien die reisiger na/vanaf 'n land in die gemene monetêre area (CMA) reis/terugkeer
- Reisigers word aangeraai om die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank te kontak om vooraf goedkeuring te kry om kontant oor die grense van Suid-Afrika te neem
- Hoewel daar tegnies geen beperking is op hoeveel geld jy op 'n vliegtuig mag hê nie, moet jy bedrae van meer as **$10 000** op jou doeanevorm verklaar wanneer jy internasioneel reis, en voorbereid wees vir moontlike onderhoude met doeane of regstoepassers om die bedrag geld wat jy by jou het te verduidelik.

Suid-Afrikaanse Doeane Unie (SACU)

Lande wat deel is van die Suid-Afrikaanse Doeane Unie (SACU) is Lesotho, Namibië, Suid-Afrika, Botswana en Eswatini.

Reisigers van SACU-ledelande betaal nie doeaneheffings nie en is geregtig op BTW-vrystelling op goedere ter waarde van tot R5 000.

Wanneer moet ek vir 'n doeanekode registreer?

- Voordat goedere in- of uitgevoer word, kan SARS van 'n persoon of entiteit vereis om formeel te lisensieer of registreer te voor die verrigting van enige aktiwiteit wat deur die wet gereguleer word.
- 'n Persoon, insluitend 'n reisiger, wat goedere invoer of uitvoer, waarvan die totale waarde wat verklaar moet word minder as R150 000 is gedurende enige kalenderjaar, word vrygestel van formele registrasie-vereistes.

Persone wat uitgesluit is van formele registrasievereistes kan gebruik maak van registrasiekode 70707070 onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- Hy/sy is 'n natuurlik persoon
- Voer die goedere in vir tuisverbruik, uitvoer of tydelike uitvoer
- Toon in die afdeling voorsien op die invoerbrief of verklaringsvorm, sy of haar:
  - Suid-Afrikaanse Inkomstediens-belastingpligtigeverwysingsnommer; of
  - Suid-Afrikaanse identiteitsdokumentnommer, in die geval van 'n Suid-Afrikaanse burger of 'n permanente inwoner van die Republiek, of paspoortdokumentnommer in die geval van 'n persoon wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger of permanente inwoner is nie.

Om vir 'n doeanekode te registreer

- Jy moet die DA 185: Application form: Registration /Licensing of Customs and Excise clients voltooi, tesame met die toepaslike stawende bylaag tot die DA 185, of
- Gebruik die elektroniese registrasiestelsel en voltooi die aanlynweergawe van die DA 185 en die toepaslike aanlyn stawende bylaag.
- Verwys asseblief na die volgende eksterne beleide op www.sars.gov.za:
  - Customs Registration, Licensing and Designation SC-CF-19
  - Excise Licensing and Registration SE-LR-02.

Terugbetaling van belasting op besoekersaankope

Belasting op toegevoegde waarde (BTW) teen 'n koers van 15% word gehef op die aankoop van meeste goedere in Suid-Afrika. Toeriste en buitelandse besoekers aan Suid-Afrika kan aansoek doen by vertrekpunte vir 'n terugbetaling van sodanige BTW wat betaal is. Die belastingfakture/bewyse van betaling vir die aankope en die goedere moet vir inspeksie getoon word by die hawe van uitgang.

Wat gebeur as ek nie die doeanevereistes nakom nie?

SARS strewe daarna om handelaars op te lei en in te lig oor hulle belastingverpligtinge deur verskeie ingrypings, om jou te help om jou belastingsake in orde te hou. Handelaars wat nie hul verpligtinge nakom nie, sal onderhewig wees aan die strafregtelike bepalings van die Wet op Doeane en Aksyns, nr. 91 van 1964, wat 'n boete of kriminele vervolging insluit.

VRYWARING: Die inligting in hierdie blaadjie vervat, is slegs as riglyne bedoel en word nie as regsverwysing geag nie, en is ook nie 'n bindende reël nie. Die inligting neem nie die plek van wetgewing in nie en lesers wat twyfel oor enige aspek van die inligting in hierdie blaadjie vertoon, moet na die toepaslike wetgewing verwys, of 'n formele opinie versoek van 'n geskikte, gekwalifiseerde individu.

Vir meer inligting kan jy -

- Die doeane- en aksynsblad besoek op die SARS-webtuiste www.sars.gov.za
- Die SARS-kontaksentrum skakel
  - o Indien jy plaaslik skakel, by 0800 00 7277
  - o Indien jy van oorsee skakel, by +27 11 602 2093 (slegs tussen 08:00 en 16:00 Suid-Afrikaanse tyd)

Maart 2021